**Die tabernakel versus Jesus as die tempel (OP184)**

**Joh 1:1-14**

**11 Augustus 2024**

Die laaste paar weke is ons besig om die ontwikkeling in die tabernakel/tempel tema te bestudeer. Ons het reeds gesien die tabernakel was 'n uitbeelding van die Here se verlossingsproses. Ons het ook reeds gesien dat die tuin van Eden 'n eerste tempel was. Verder was Salomo se tempel indrukwekkend, maar ongelukkig het die volk net vasgehou aan die fisiese tempel, en gevolglik is die tempel vernietig tydens die ballingskap. Laasweek het ons na verskeie tempelprofesieë gekyk. Sommige profesieë was voor die ballingskap gegee, ander is tydens die ballingskap gegee en nog ander na die ballingskap. Maar al hierdie profesieë het vooruit gekyk. Aanvanklik sou mens verwag het dat die profesieë vooruit gekyk het na die herstel van die tempel na die ballingskap – maar uit die gebeure na die ballingskap word dit duidelik dat die profesieë nie akkuraat vervul word nie. Ja, die tempel word herbou, maar selfs die Here oordeel die herstelde tempel lyk na niks. Uit die profesieë na die ballingskap word dit duidelik dat die werklike vervulling nog in die toekoms lê – al moedig die Here die volk intussen aan dat hulle moed moet skep en moet aanhou bou. Wat ook uit die profesieë na vore kom, is dat die tempel wat nog verwag word, werklik indrukwekkend sal wees: Die Here se heerlikheid sal die tempel vul soos nog nooit tevore nie, daardie tempel sal baie groot wees, dit sal soos die tuin van Eden wees, en dit sal bestaan uit mense uit al die nasies. Die Here het in die profesieë ook 'n aanduiding gegee van hoe hierdie tempel gebou gaan word – die Gesalfdes van die Here (dit is die Hoëpriester en die Koning), asook die Heilige Gees, gaan 'n belangrike rol speel.

Vandag wil ek begin kyk na die vervulling van hierdie profesieë, en spesifiek na hoe hierdie profesieë vervul is in Jesus. Ek wil dit bespreek onder die volgende drie punte: (1) Jesus is die vervulling van die tempel, (2) Die oorgang van die tempel na Jesus as die ware tempel, en (3) Die begin van die bouwerk aan die ware tempel waarvan Jesus die hoeksteen is.

<u>Jesus is die vervulling van die tempel</u>

Dit is so dat Herodus in die jaar 20vC begin het met 'n groot projek om die tempel wat gebou is na die volk uit ballingskap teruggekeer het, te herbou. Dit het oor dekades verloop – ons lees in Joh 2:20 dat daar al vir 46 jaar aan die tempel gebou is. Kan dit dalk wees dat hierdie opgeknapte, uitgebreide tempel wat Herodes gebou het dalk wel die vervulling is van die tempelprofesieë in die Ou Testament? Kom ons gaan kyk na wat ons op verskeie plekke in die Evangelies lees.

Ons begin met Joh 1. Lees Joh 1:1-4. Hier lees ons "In die begin…", en natuurlik herinner dit direk aan Gen 1:1 "In die begin het God…". Waar Gen 1 dan voortgaan en ons vertel hoe God die hemel en aarde geskep het, gaan Joh 1 voort en vertel ons van hoe God besig is om alles te herskep. Joh 1 gaan voort en vertel ons van die Here Jesus – die Een deur wie die Here nie net alles geskep het nie, maar ook die Een deur wie die Here gaan herskep. Ek wil nie nou in diepte stilstaan by die herskepping as sulks nie – maar let op wat vers 1 ons leer: Ons weet die "Woord" is Jesus, want vers 3 leer ons dit was deur die Woord dat alles geskep is, en Heb 1:2 leer ons dit was deur die Seun dat die Here alles geskep het. Vers 1 leer ons nou dat Jesus in die begin al die Woord was, in die begin was Hy al by God, en in die begin was Hy al God. Die belangrike punt om raak te sien vir ons huidige studie is dat Jesus God is – alreeds sedert die begin. Vers 4 voeg nou by dat in Jesus was daar lewe, en hierdie lewe was die lig vir die mense. Dus: Jesus is God, Jesus is lewe en Jesus is lig. Maar vergelyk dit nou met wat ons van die tabernakel geleer het en wat ons in die tempelprofesieë geleer het: In die Heilige van die tabernakel was daar 'n kandelaar wat moes lig gee. In die visioen wat

Sagaria gesien het, was daar ook 'n kandelaar wat lig gegee het. Wel, Joh 1 leer ons Jesus is die lig. Boonop lees ons nou Jesus is die lewe. Maar in Esegiël se visioen het hy gesien hoe daar strome lewende water uit die tempel gevloei het en lewe geskep het sover as wat dit gevloei het. Boonop was daar in die Heilige in die tabernakel die tafel met die toonbrode waarvan die priesters mog eet om te lewe. Dit blyk nou uit Joh 1 Jesus is die lewe.

Joh 1:9 leer dat die ware lig wat elke mens verlig was aan die kom na die wêreld. Maar Jesus is die lig. Jesus is dus die lig wat mense se harte moet verlig. Die Ou Testamentiese profesieë was vol beloftes oor die talle mense wat na die tempel sal kom. Dit begin nou lyk asof almal wat gaan kom, gaan kom omdat hierdie lig, wat Jesus is, hulle harte gaan verlig. Let ook op: Jesus as die ware lig is nou aan die kom na die wêreld.

Lees Joh 1:14. Die Woord het vlees geword en onder ons kom woon. Die "Woord" is Jesus. Jesus het vlees geword – dit beteken Jesus het mens geword. Jesus, wat reeds van die begin af God was, het mens geword en onder ons kom woon, letterlik het onder ons kom "tabernakel". Dit neem ons terug tot by Eden, daardie eerste tempel – daar het God vir Adam en Eva besoek. Dit neem ons terug na Sinai waar die Here die opdrag gegee het hulle moet die tabernakel bou sodat Hy in hulle midde kan woon (Eks 25:8). Dit neem ons terug na Salomo se tempel waar die Here onder Sy volk kom woon het. Jesus, wat God is, word mens en kom tabernakel onder ons as mense. En dan voeg vers 14 by: Boonop het ons ook Sy heerlikheid gesien. En die heerlikheid wat gesien kon word is die heerlikheid van die Vader! Die heerlikheid van die Here het die tabernakel gevul. Die heerlikheid van die Here het die tempel van Salomo gevul. Met die herbou van die tabernakel na die ballingskap, het die Here in Hag 2:7 beloof nog een keer sal Sy heerlikheid hierdie huis, oftewel tempel, vul. En nou sê Johannes Jesus het hier onder ons as mense kom tabernakel en ons het Sy heerlikheid gesien, wat ook die heerlikheid van die Vader is. Sien jy dit? Jesus is die lig, Jesus is die lewe, Jesus kom tabernakel, Jesus verskyn met die heerlikheid van die Vader – Ons sou kon dink: Miskien is Jesus die tempel?

Lees Joh 1:48-51. In hierdie verse roep Jesus Natanael as een van Sy dissipels. Maar let op wat sê Jesus in vers 51 vir Natanael: "Julle sal die hemel oopsien en die engele van God sien wat opstyg en neerdaal op die Seun van die Mens". Die engele styg op en daal neer op Jesus, die Seun van die Mens. Onthou jy waar dit vandaan kom? Vanaf Gen 28 waar Jakob by Bet-El geslaap het en 'n leer gesien het waarlangs die engele op en afgeklim het. Aan die bo-punt van daardie leer het die Here gestaan. Nou lees ons dat Jesus sê Hy staan aan die onder punt van die leer. Jakob het destyds gesê dit is die huis van die Here – en met reg so: want Bet-El was die ontmoetingsplek tussen die hemel en die aarde, tussen die Here en die mense – soos wat Eden was, soos wat die tabernakel was, soos wat die tempel was. So is Jesus nou die ontmoetingsplek tussen die hemel en die aarde, tussen die Here en die mense. Dit lyk al hoe meer asof Jesus wel die tempel is.

In Joh 2:1-12 lees ons van Jesus se eerste wonderteken – die verandering van water in wyn tydens die bruilof in Kana. Vers 11 verduidelik vir ons die betekenis van hierdie gebeure: Hy het deur hierdie wonderteken Sy heerlikheid geopenbaar sodat Sy dissipels in Hom sou glo. Maar, onthou, Sy heerlikheid is ook die heerlikheid van die Vader - daardie heerlikheid wat die Here in Hag 2 beloof het Hy deur Sy tempel sou vertoon.

Lees Joh 2:13-17. In hierdie verse lees ons hoe dat Jesus die tempel reinig – Hy reinig dit van die verkopers wat allerlei diere daar verkoop het. Die rede vir die verkoop van die diere by die tempel was dat lede van die volk wat van ver af bekom het om offers te bring, die diere daar by die tempel kon koop, net voor hulle dit dan offer. Jesus oordeel egter hulle het die tempel, Sy Vader se huis, 'n huis gemaak waar handel gedryf word. Dit herinner aan Jeremia wat in Jer 7:11 die volk destyds

gewaarsku het hulle het die tempel van Salomo 'n grot vir struikrowers gemaak. In Jes 56:6-7 het ons laasweek gesien die tempel moet 'n huis van gebed wees waarheen selfs vreemdelinge moet kom. Maar die fokus op handel dryf wat nou by die tempel gebeur, het eerder vreemdelinge van die tempel af wegjaag. Lees verse 18-21. Toe die Jode Jesus vra met water gesag tree Hy op as Hy die tempel reinig, sê Hy vir hulle: "Breek hierdie tempel af, en binne drie dae sal Ek dit opbou." Natuurlik is die Jode ontsteld – immers is Herodes al vir 46 jaar besig om die tempel te bou en te verbeter, hoe kan Jesus redeneer Hy sal dit in 3 dae kan bou? Maar Jesus het nie van die fisiese tempel gepraat nie – nee, Hy het van die tempel van Sy liggaam gepraat. Jesus sê Sy liggaam is die tempel. Hy sou fisies sterf, Sy liggaam sou fisies sterf – dit is volgens Jesus die afbreek van die tempel, en na drie dae sou Sy liggaam fisies opstaan – dit is volgens Jesus die opbou van die tempel, die opbou van die ware tempel. Jesus bedoel dus Hy is die tempel. En by implikasie bedoel Jesus ook dat die nuttigheid van die fisiese tempel bykans tot 'n einde gekom het, dit is bykans verby! Hy ís die ware tempel!

In Mark 11 lees ons van nog 'n geleeentheid waarby Jesus die tempel gereinig het – hierdie keer was dit net na Sy triomfantelike intog in Jerusalem in. Let nou op die konteks van hierdie tempel reiniging: In verse 12-14 lees ons van Jesus wat die vyeboom vervloek het omdat dit geen vrugte gedra het nie. In verse 15-19 volg dan die reiniging van die tempel. In verse 20-25 lees ons dat toe Jesus en die dissipels die volgende oggend by die vyeboom verbygaan, was dit verdor tot in sy wortels. Petrus is verstom en vestig Jesus se aandag op die verdorde boom. Jesus reageer egter hierop en sê: "Julle moet geloof in God hê. Amen, Ek sê vir julle: Wie vir hierdie berg sê, 'Lig jou self op en gooi jou self in die see,' en nie in sy hart twyfel nie, maar glo, vir hom sal dit gebeur." Beale verwys hierna en sê die berg wat Jesus bedoel het, was waarskynlik die berg waarop die tempel gebou was. Die punt wat Jesus dus gemaak het, was: die vyeboom het nie vrug gedra nie, daarom het Jesus dit vervloek, en daarom het dit verdroog. Die tempel het ook nie vrug gedrag nie – nee, dit het 'n rowerspelonk geword. Daarom verdien die tempel met sy berg ook om vernietig te word, en daarom as iemand werklik met geloof bid dat dit in die see gewerp sal word, sal dit gebeur – soortgelyk aan wat destyds met Salomo se tempel gebeur het toe die tempel misbruik is, en vernietig is met die ballingskap. Weer eens sien ons die naderende einde van die fisiese tempel.

In Mark 12:1-11 lees ons die gelykenis van die huurders wat Jesus vertel het. In hierdie gelykenis het 'n man 'n wingerd aangeplant, dit aan huurders uit verhuur en daarna op 'n lang reis vertrek. Met oestyd het die man boodskappers gestuur om sy deel van die opbrengs te bekom. Maar die huurders het die boodskappers óf met leë hande weggestuur, óf hulle selfs dood gemaak. Op die ou end het die man sy seun gestuur, maar die huurders het geoordeel omdat die seun die erfgenaam is, moet hulle hom doodmaak om sodoende sy erfdeel te bekom. Natuurlik het Jesus hiermee verwys na die Jode wat Hom nie erken het as die Seun van God nie, en wat Hom sou doodmaak. Maar let nou op wat Jesus in vers 10 sê: "Die klip wat die bouers afgekeur het, juis dit het die hoeksteen geword" – 'n aanhaling uit Ps 118:22-23. Maar wat het Jesus hiermee bedoel? Wel in Ef 2:20 lees ons dat Jesus die hoeksteen is van die tempel, die apostels en die profete is die fondament, en die gelowiges is die gebou. Jesus het dus iets anders in gedagte as die fisiese tempel wat Hy sopas gereinig het. Nee, Hy is die hoeksteen, en Hy is die tempel. Weereens sien ons dat die fisiese tempel se einde naby is, en dat Jesus self nou die ware tempel gaan wees, of dan ten minste die hoeksteen van die ware tempel wat die fisiese tempel gaan vervang.

Kom ons kyk na Joh 4:1-15. In hierdie verse is Jesus op pad na Galilea, en Hy moet deur Samaria reis. Toe hulle by Sigar in Samaria kom, het Jesus by 'n put gerus, terwyl die dissipels gaan kos koop het in die dorp. Daar kom toe 'n Samaritaanse vrou by die put aan, en Jesus vra van haar water om te drink. Sy is verbaas omdat Hy as 'n Jood met haar as 'n Samaritaanse vrou praat. Jesus verduidelik aan haar in vers 10 dat as sy verstaan het wie Hy is, sou sy Hom gevra het om aan haar lewende

water te gee. In vers 14 verduidelik Jesus aan haar wat lewende water is: dit is water wat haar dors sodanig sal les dat sy nooit weer dors sal kry nie, en boonop sal die water ook in haar 'n fontein word wat opborrel en wat aan haar die ewige lewe sal gee. Dit herinner natuurlik weereens aan Esegiël se visioen van die strome lewende water wat uit die tempel vloei en wat lewe gee sover as wat dit vloei. Ons weet nou al dat Jesus Homself sien as die tempel, en daarom is Hy die bron van hierdie water wat werklik lewe kan gee. Dit herinner natuurlik ook aan daardie rivier in Gen 2 wat in Eden ontspring het, eers die tuin natgemaak het, en toe weggevloei het na die res van die wêreld. Kom ons lees nou Joh 4:19-25. Die Samaritaanse vrou wil nou van Jesus weet of die Here op berg Gerisim in Samaria aanbid moet word, soos wat die Samaritane gedoen het, en of die Here eerder in Jerusalem in die tempel aanbid moet word, soos wat die Jode oortuig was gedoen moes word. Let nou op Jesus se antwoord: Hy sê daar kom 'n tyd, en die tyd is nou – dit is bykans hier, dat aanbidding nóg in Samaria nóg in Jerusalem sal plaasvind – weereens onderstreep Jesus die tempel in Jerusalem is op die punt om uitgediend te wees. In verse 23-24 verduidelik Jesus aan haar dat aanbidding in die tempel vervang gaan word met 'n ander vorm van aanbidding – voortaan gaan die ware aanbidders die Here in gees en waarheid aanbid – immers God is Gees, en Hy sal voortaan in gees en waarheid aanbid word. Wat het Jesus bedoel met aanbidding in gees en waarheid? Voortaan sal aanbidding nie meer gevul wees met simbole of tipes, soos byvoorbeeld die tempel en al sy rituele nie – nee dit moet as inhoud die waarheid hê waarna al daardie simbole of tipes gewys het. Die inhoud van aanbidding in waarheid moet onder andere dit wees waarna die tabernakel gewys het – ons het gesien die tabernakel was 'n uitbeelding van die verlossingsproses vir gelowiges, d.w.s die verlossing wat die Here bewerk deur Sy Seun wat die ware tempel is. Dit sal voortaan die inhoud wees van aanbidding in waarheid. Die aanbidding moet ook in gees plaasvind – dit kan nie net 'n uiterlike handeling wees nie, nee dit moet uit die hart kom. Maar onthou hoe ons laasweek telkens in die tempelprofesieë die werk van die Heilige Gees raak geloop het: In Eseg 36 het ons gelees van die Heilige Gees wat aan gelowiges harte van vleis sal gee. In Hag 2:5 het die Here beloof Sy Gees sal altyd in die midde van die aanbidders bly. In Sagaria se vyfde visioen het ons geleer dat die Here gesê het: "Nie deur mag of deur krag nie, maar deur My Gees" (Sag 4:6) – daar het ons gesien dat die olie wat vanaf die Gesalfdes gevloei het na die kandelaar was die Heilige Gees. In die agste visioen het ons gesien dat die Heilige Gees saam met die strydwaens uitgetrek het oor die hele aarde heen (Sag 6:8). Die Heilige Gees sal dus voortaan 'n groot rol speel om in gees te aanbid.

Wat Jesus dus aan die Samaritaanse vrou verduidelik, is dat as die Ou testamentiese tipes en visioene die tempel sien as die bron van lewende water – dan is Hy, Jesus, wat nou die tempel is, die Een wat die lewende water gee. Maar die oorgang van die fisiese tempel na Hom as die vervulling van die tempel, sal ook gepaardgaan met 'n verandering in die manier van aanbidding – die uiterlike handelinge van vroeër in 'n fisiese tempel, sal vervang word met aanbidding in gees en waarheid, gedring deur die werk van die Heilige Gees.

Kom ons kyk ook nog na Mat 12:1-6. In hierdie gedeelte handel dit oor Jesus se dissipels wat op 'n Sabbatdag are gepluk het, en hoe dit die Fariseërs ontstel het. Jesus herinner hulle dan daaraan dat Dawid op 'n stadium in die tempel ingegaan het en van die toonbrode geëet het, wat eintlik net deur die priesters geëet mog word. En dan sê Jesus in vers 6: "Ek sê vir julle, wat hier is, is groter as die tempel". Al waarop ek nou die klem wil laat val, is dat Jesus hier aan die Fariseërs verduidelik Hy is groter as die tempel. Ja, Hy is die tempel. Maar Hy is groter as die tempel. Hy is groter as die fisiese tempel in die sin dat die fisiese tempel na Hom gewys het – Hy is egter die vervulling van die tempel, en daarom is Hy groter as die tempel. Ons begin iets sien van die vervulling van die Here se belofte in Hag 2 dat die heerlikheid van hierdie nuwe, ware tempel groter sal wees as enige van die fisiese tempels.

Kan ek probeer opsom wat ons tot nou toe gesien het: Die Ou Testamentiese tempel was met die aanbreek van die Evangelies op die punt om uitgediend te wees. Die tempel was 'n Ou Testamentiese tipe wat na Jesus gewys het. Maar nou het Jesus gekom – Hy het onder die mense kom woon, Hy is voortaan die skakel tussen die Here en die mense, soos wat die tempel tot nou toe was. In Hom is die heerlikheid van die Here sigbaar, soos wat tot nou toe van die tempel waar was. Hy is die bron van lig, Hy is die bron van lewe, Hy is die bron van lewende water – soos wat die tempel in die Ou Testament simbolies na gewys het. Hy is die hoeksteen van hierdie nuwe ware tempel. Maar die heerlikheid van hierdie nuwe tempel is groter as die van die Ou Testamentiese tabernakel of tempels, want Hy is groter as die tempel. Die Ou Testamentiese tabernakel en tempels het vooruit na Hom gewys – Hy is die vervulling daarvan.

<u>Die oorgang van die tempel na Jesus as die ware tempel</u>

Die vraag is nou: wanneer het die oorgang van die tempel na Jesus plaasgevind? Lees Mat 24:1-2. In hierdie verse vestig die dissipels Jesus se aandag op die tempelgeboue – duidelik is hulle beïndruk met die indrukwekkende geboue. Jesus sê egter: "Amen, Ek sê vir julle: Hier sal beslis nie een klip op 'n ander gelaat word nie – alles sal afgebreek word." Ek glo dit is duidelik dat die Here Jesus voorspel het dat die fisiese tempel fisies afgebreek sou word. Ons weet ook dat in die jaar 70 n.C. is die tempel afgebreek tydens die vernietiging van Jerusalem. Beteken dit dat die oorgang van die fisiese tempel na Jesus eers in die jaar 70 n.C. plaasgevind het? Ek is oortuig dit is insiggewend om daarop te let dat die vernietiging van die tempel in 70 n.C. nêrens in die Bybel beskryf word nie. Die oorgang moes dus al vroeër plaasgevind het.

Wel, Jesus het tog al in Joh 2:19 die konneksie gemaak tussen Sy liggaam en die tempel. Daar het Hy al die konneksie gemaak tussen die afbreek van die tempel en die afbreek van Sy liggaam, d.w.s. Sy fisiese sterwe. Kom ons lees nou van Sy sterwe. Mat 27:45 en verder beskryf vir ons Sy sterwe. Nadat Hy gekruisig is, was daar 3 ure van duisternis oor die hele aarde. Gedurende hierdie periode het Hy geworstel met die duiwel oor ons sondes. Gedurende hierdie periode is Hy deur God verlaat. Lees verse 50-51. Hier sterf Jesus – Sy fisiese liggaam is afgebreek, is dood. En op daar die oomblik het die voorhangsel in die tempel van bo na onder geskeur. Die voorhangsel was die gordyn tussen die Heilige en die Allerheiligste in die tempel – daardie fisiese tempel wat aanvanklik na die ballingskap gebou is, en vir die laaste 46 jaar deur Herodes opgebou is.

Wat is die betekenis van die voorhangsel wat skeur? Onthou, die priesters mog net in die Heilige kom waar hulle daagliks hulle diens werk moes doen. Dit was net die hoëpriester wat eenmaal per jaar deur die voorhangsel kon gaan met die bloed van die sondeoffer om dit op die versoendeksel te gaan sprinkel. Toe Jesus sterf, toe Jesus as ware Hoëpriester sterf, het Hy as ware Hoëpriester deur die voorhangsel beweeg om Sy bloed eenmalig op die versoendeksel te gaan sprinkel. Dit was hierdie oomblik waarna elke Groot Versoendag vooruit gekyk het. Dit het hand aan hand geloop met die bring van 'n effektiewe offer op die brandofferaltaar in die voorhof, waarvan die bloed in die waskom gegiet kon word – daardie twee elemente wat ontbreek het in die Eden tempel. Dit was op daar die oomblik wat Jesus die volle vervulling van die Ou Testamentiese tipe van die tabernakel of tempel geword het: Toe was hy die Lam wat op die brandofferaltaar geslag is, dit was ook Sy bloed in die waskom waarin die priesters hulle kon reinig, Hy was die Lig wat vanuit die kandelaar skyn, Hy was die brood van die lewe op die tafel met die toonbrode, Hy was ook die wierook op die wierook altaar wat vir Sy dissipels en alle gelowiges voor die Here ingetree het, en dit was Sy bloed wat op die versoendeksel gesprinkel is. So het Hy die simboliek van die tempel vervul. Hy was nou die tempel. Nee, Hy was meer as die tempel – Hy was die vervulling waarna die tempel gewys het. Hy word hier die ware tempel. Kan ek jou herinner aan wat die Hebreërskrywer hiervoor sê:

- Heb 8:1-2 – “Die hoofsaak van wat gesê is, is dat ons só ‘n Hoëpriester het: Een wat gaan sit het aan die regterkant van die troon van die Majesteit in die hemele, ‘n bedienaar in die heiligdom, ja, in die ware tabernakel wat die Here, nie ‘n mens nie, opgerig het”
- Heb 9:11 – “Christus het gekom egter as Hoëpriester van die goeie dinge wat nou verwesenlik is, en Hy het deur ‘n uitnemender en meer volmaakte tabernakel beweeg wat nie deur mensehande gemaak is nie, dit wil sê, wat nie van hierdie skepping is nie”
- Heb 10:19-21 – “Broers, ons het dus vrymoedigheid deur die bloed van Jesus om in te gaan na die heiligdom, langs ‘n nuwe en lewende weg wat Hy vir ons geopen het deur die voorhangsel heen, dit is deur Sy liggaam, en ons het ‘n groot Priester oor die huis van God”

Ek is oortuig ons kan met reg sê die fisiese tempel het die einde van sy diens bereik toe Jesus gesterf het, en die voorhangsel in die tempel geskeur het. Voortaan is Jesus die ware tempel, of die ware tabernakel.

<u>Die begin van die bouwerk aan die ware tempel waarvan Jesus die hoeksteen is</u>

Die einde van die betekenis van die fisiese tempel beteken nie daar is voortaan nie meer ‘n tempel nie. Nee, Jesus is nou die ware tempel – Hy is die hoeksteen van die tempel. Maar hierdie tempel moet nou gebou word op hierdie hoeksteen. Wanneer begin die bouwerk aan hierdie tempel? In Mat 27:54 lees ons van die Romeinse bevelvoerder aan die voet van die kruis – toe hy sien wat alles gepaardgegaan het met Jesus se sterwe, het hy uitgeroep: “Hy was werklik die Seun van God” – dit lyk of ons hier die eerste een uit die nasies het wat na die ware tempel kom.

Maar die nuwe tempel neem ‘n groot stap vorentoe op die derde dag wanneer Jesus uit die dood opstaan. Toe Hy op daardie Sondagaand aan Sy dissipels verskyn, is Sy woorde aan hulle: “Vrede vir julle!” (Joh 20:19) – Onthou dit is juis wat die Here in Hag 2:9 beloof het: Hy het beloof die heerlikheid van hierdie nuwe tempel sal groter wees as tevore, en dit is juis op hierdie plek, in hierdie tempel, wat Hy vrede sal gee. Met die oprigting van die fisiese tabernakel by Sinai was daar binne 40 dae stryd, by die tempel van Salomo was daar soveel stryd dat die tempel met verloop van tyd vernietig is, maar met die koms van hierdie ware tempel met Jesus as hoeksteen, is daar vrede – weliswaar nie vrede met die wêreld nie, maar wel vrede met God.

Die hef aan vir die bou aan hierdie tempel lê egter nog voor. Lees Mat 28:18-20. In hierdie verse stuur Jesus Sy dissipels uit: hulle moet dissipels gaan maak. Let op drie sake in hierdie opdrag: (1) Jesus verseker hulle Hy het alle mag, (2) hulle moet dissipels van al die naties gaan maak, en (3) Hy sal by hulle wees. Vergelyk dit met wat Kores destyds gesê het toe hy die volk teruggestuur het na die ballingskap in 2 Kron 36:22 – lees dit. Hy het gesê (1) die Here het aan hom al die koninkryke van die aarde gegee (Jesus het gesê Hy het alle mag), (2) die volk moet vir die Here ‘n huis gaan bou (Jesus het gesê Sy dissipels moet dissipels gaan maak), en (3) die Here sal met diegene wees wat die tempel gaan bou (Jesus het gesê Hy sal by Sy dissipels wees). Sien jy die ooreenkoms? Die uitstuur van die dissipels om dissipels te gaan maak van al die nasies stem ooreen met die destydse opdrag na die ballingskap om die tempel te gaan herbou. Om dissipels te maak is dus ekwivalent aan bouwerk aan die ware tempel.

Maar let ook daarop: Jesus stuur hulle uit om dissipels te gaan maak van al die nasies. Dit herinner aan Adam wat die tuin moes uitbrei tot die hele aarde tuin was. Dit herinner aan Jakob vir wie die Here beloof het hy sal uitbrei na die noorde, die suide, die ooste en die weste. Dit herinner aan Jesaja waar die Here beloof het Hy wil die volk se woestyn soos Eden maak – hulle moet hulle tentdoeke wyd span. Dit herinner aan die Here wat in Esegiël beloof daar sal ‘n stroom lewende water uit die tempel vloei en lewe skep sover as wat dit gaan. Dit herinner aan die belofte van die

Here deur Haggai die nasies sal na die tempel kom. Dit herinner aan Sagaria se agste nagvisioen waar die strydwaens uitgestuur word in alle rigtings.

Let ook daarop dat die Here Jesus onderneem om by hulle te wees wanneer hulle uitgaan en dissipels gaan maak – soos wat die Here destyds by Bet-El beloof het om by Jakob te wees (Eks 28:15), soos wat die Here destyds by Sinai beloof het om saam met die volk te trek (Eks 33:17), soos wat die Here in Eseg 36:9 beloof het om by die volk te wees, soos wat die Here in Hag 2:5 beloof het Sy Gees sal altyd in hulle midde wees, soos wat die Here in Sag 2:5 beloof het Hy sal die muur om Jerusalem wees.

<u>Afsluiting</u>

Ek hoop dit is duidelik Jesus is die vervulling van die tempel. Met Sy sterwe het die fisiese tempel sy volle betekenis bereik. Daar is geen verdere nut vir die fisiese tempel nie – behalwe om ons beter insig te gee in die werkinge van die ware tempel, waarvan Jesus die hoeksteen is. Met Jesus se opstanding, en verval met Sy Hemelvaart, het die bouwerk aan hierdie tempel met mening begin. En ek hoop om volgende week aandag te gee aan hierdie bouwerk, wat steeds besig is om voort te gaan.